BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# 'n Reis vir Volgelinge

## Deel 2 – 'n Dissipel versorg en versterk

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Dink terug aan 'n tyd in jou lewe wat mense jou ondersteun het. Wat het hulle gedoen en gesê wat jou gehelp het in jou moeilike tyd? Hoekom het dit jou gehelp?**

**Kom dit natuurlik vir jou om mense te bemoedig en te motiveer, of moet jy baie meer intensioneel daaroor wees? Verduidelik.**

**Hoe evalueer jy of iemand 'n Christen is of nie? Aan watter eienskappe en dade meet jy dit?**

**Wanneer ervaar jy liefde? Wat is dit wat mense moet doen of sê vir jou om liefde te ervaar? Hoekom dink jy verskil dit van mens tot mens?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Johannes 13:34-35. Lys 'n paar maniere en voorbeelde hoe 'n mens kan liefhê soos Jesus ons liefhet en sy liefde aan ons bewys het.**

---

---

---

---

**Hoekom dink jy het Jesus gesê ons liefde vir mekaar sal 'n teken wees dat ons volgelinge van Hom is?**

---

---

---

---

**Hebreërs 10:24. Hoekom dink jy is ons aansporing 'n manier van omsien na ander? Hoe spoor 'n mens iemand anders aan tot liefde en goeie dade?**

---

---

---

**Psalm 41:2. Hoe identifiseer 'n mens 'n "swakke"? Wie in jou lewe voldoen hieraan en hoe sien jy om na hulle?**

---

---

---

**Galasiërs 6:2. Watter laste ervaar jy tans in jou lewe? Hoe laat jy toe dat ander dit saam met jou kan dra?**

---

---

---

**Lees Galasiërs 6:10. Kan jy die name neerskryf van mense wat jy tans versorg en versterk? Hoe kan jy hulle hierdie week bemoedig? Indien jy nie name kan neerskryf nie, wat gaan jy hierdie week doen om een of twee persone te identifiseer sodat jy hulle kan versorg en versterk?**

---

---

---

---

**Hoe kan jy hierdie week die mense in jou groep bemoedig, vir hulle bid en liefde teenoor hulle betoon? Dink aan die mense in jou groep en skryf iets neer wat jy kan doen vir elkeen.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**